

HOOFSTUK 4

DIE ONTWIKKELING VAN 'n LEWENSWAARDIGHEIDSPROGRAM VIR DIE VROEË VOLWASSENE

4.1 Inleiding

Ten einde 'n effektiewe lewensvaardigheidsprogram (intervensie program) vir die vroeë volwassene daar te stel, is dit gepas dat die ontwikkeling van 'n program vanuit 'n teoretiese verwysingsraamwerk gefundeer word.

In hierdie hoofstuk sal daar dus gefokus word op die proses van programontwikkeling ooreenkomstig die model van Rothman & Thomas (1994: 28) en die toepassing daarvan op hierdie studie, asook die verskillende elemente van belang betreffende die rol van die maatskaplike werker as professionele begeleier in 'n ontwikkelde program.

4.2 Die proses van programontwikkeling volgens Rothman & Thomas se model

Ten aanvang lig De Vos (1998: 365) intervensienavorsing toe as navorsing wat geskied wanneer 'n nuwe intervensie geskep, geïmplementeer en dan geëvalueer word soos wat tydens hierdie studie plaasgevind het. 'n Nuwe lewensvaardigheidsprogram is dus ontwikkel. Dit is nuwe tegnologie, intervensie of innovasie. Programevaluering daarteenoor, is die evaluasie van 'n bestaande program of intervensie wat deur iemand anders ontwikkel is. Intervensienavorsing is dus die ontwerp, ontwikkeling en uiteindelik die evaluering van 'n nuwe intervensie, soos van toepassing op hierdie studie. 'n Nuwe program (lewensvaardigheidsprogram) is ontwikkel, geïmplementeer en uiteindelik geëvalueer om die effektiwiteit van daarvan te toets.

Die proses van programontwikkeling kan volgens Rothman & Thomas (1994: 28) soos volg in Figuur 8 uiteengesit word:

Fase 1	Fase 2	Fase 3	Fase 4	Fase 5	Fase 6
Probleem-analise & projek beplanning	Insameling van data & sintese	Ontwerp	Vroeë ontwikkeling & voorlopige toetsing	Evaluasie & gevorderde ontwikkeling	Disseminasie
Identifiseer en betrek kliënte	Maak gebruik van bestaande inligtingsbronne	Ontwerp 'n waarnemende sisteem	Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie	Selekteer 'n eksperimentele ontwerp	Berei produk voor vir disseminasie
Verkry toegang en samewerking van omgewing	Bestudeer natuurlike voorbeelde	Spesifiseer prosedures van die intervensie	Begelei 'n voorlopige toetsing	Insameling en analisering van data	Identifiseer potensiële mark vir intervensie
Identifiseer behoeftes van die populasie	Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle		Wend kriteria van ontwerp aan in die voorlopige intervensie konsep	Dupliseer intervensie onder veld kondisies	Skep 'n behoefte vir die intervensie
Analiseer geïdentifiseerde behoeftes				Verfyn die intervensie	Aanmoediging van gepaste wysigings
Opstel van doelstellings en doelwitte					Voorsien tegniese ondersteuning aan gebruikers

Figuur 8: Fases van die model van Rothman & Thomas (1994:28)

Van der Linde (2000: 9) bevestig dat al die fases met hulle onderskeie stappe aangepas moet word ten einde aan die doel van 'n spesifieke navorsing te voldoen. Weens die feit dat die model in fases uiteengesit is, kan slegs sekere gepaste fases gebruik word. Elke fase bestaan uit bepaalde aksiestappe wat gevolg moet word en dit word dienooreenkomstig met die betrokke studie, bespreek en geïntegreer.

4.2.1 Die fases en aksiestappe van die model van Rothman & Thomas

4.2.1.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning

Aksie 1: Identifiseer en betrek kliënte

- Ten eerste behoort 'n populasie wie se behoeftes en probleme vir die navorser of samelewing van belang is geselekteer te word. Die onderhawige navorsingstudie het dus hoofsaaklik van die vertrekpunt uitgegaan dat die populasie (vroeë volwassene) se behoeftes en probleme tans van primêre belang is vir hulleself, vir die navorser, (as maatskaplike werker in die praktyk), asook vir die samelewing. Die vroeë volwassene van vandag, is die volwassene van môre. 'n Gebrek aan lewensvaardighede onder die vroeë volwassene, kan daartoe lei dat probleme op talle terreine van die lewe ondervind word, onder andere tydens die maak van keuses, die vestiging van problematiese verhoudings en oneffektiewe persoonlike bestuur. Dit kan dus tot persoonlike probleme, asook probleme in die gesinslewe en gemeenskap lei. Die literatuurstudie het die leemte aan 'n lewensvaardigheidsprogram spesifiek vir vroeë volwassenes uitgewys.
- Tweedens meen Rothman & Thomas (1994: 27–43) en van der Linde (2000: 10) dat die doel van die intervensie in samewerking met die projek se kliënte, geïdentifiseer moet word.

Vanuit navorser se praktykervaring en daaglikse betrokkenheid by die vroeë volwassene, is die doel van die studie die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram. Slegs lewensvaardighede wat van primêre en spesifieke belang vir hierdie ouderdomsgroep blyk te wees, is geïdentifiseer (Vergelyk hoofstuk 2). Hierdie geïdentifiseerde behoeftes is

aan die vroeë volwassene gekommunikeer wat samewerking van die kliënte verseker het.

- Derdens beklemtoon Rothman & Thomas (1994: 27–43) en van der Linde (2000: 10) dat navorsing wat oor kritiese sterk punte beskik en boonop probleme van belang aanspreek, 'n groter kans op die verkryging van die ondersteuning van die teikenpopulasie het.

Tydens die onderhawige studie, het die noodsaaklike kritiese sterk punte van die navorsing, naamlik die dringende behoefte aan 'n lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene in die veeleisende twintigste eeu, daartoe gelei dat die samewerking van die teikenpopulasie heelhartig verkry is. Trouens vroeë volwassenes het toenemend by die Afdeling Studente-ondersteuning kom aanmeld vir hulp en begeleiding kom aanmeld. Na 'n aanmeldingsgesprek, het dit geblyk dat die vroeë volwassenes meestal 'n behoefte aan die lewensvaardighede wat in hoofstuk 3 uitgelig is, ervaar het.

Nie alleen is die ondersteuning en samewerking van die teikengroep verkry nie, maar ook dié van die ander rolspelers gemoeid met die vroeë volwassene op universiteit, naamlik die rektoraat, dosente, administrasie personeel, ouers en ander tersiêre instellings.

Aksie 2: Verkry toegang en samewerking van die omgewing

Om toegang en samewerking van die omgewing te verkry is 'n tweede aksie stap in die eerste fase van navorsing naamlik die probleemanalise en projekbeplanning geïmplementeer (Rothman & Thomas: 1994: 27–43).

- Alvorens 'n individu genader kan word, is dit belangrik dat die navorser iets van die persoon moet weet, soos onder andere sy doelwitte asook, die beleid, personeel en die program van die organisasie.

- Sleutelpersone en informante moet gekontak word ten einde uit te vind wat aangebied kan word en watter voordele samewerking tussen die verskillende partye sal inhou.
- Samewerking voorsien 'n gevoel van eienaarskap vir die ondersoek.
- Deur saam met diegene te werk wat toegang kan fasiliteer, verkry die navorser die samewerking en ondersteuning wat hom in staat stel om die ontwikkelingsnavorsing deur te voer (Rothman & Thomas, 1994: 27–43; van der Linde, 2000: 10).

In die onderhawige studie was die navorser ingestel op die kliënt, sy persoonlike doelwitte, die beleid van die Afdeling Studente-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria en of die program bestaansreg sou hê, al dan nie. Die bestaande dienste van die Afdeling Studente-ondersteuning, naamlik die studiemetodes, tydsbeplanning, verhoudingsontwikkeling en vaardigheidsontwikkeling op sekere terreine is gekomplimenteer deur die vooruitsig van 'n lewensvaardigheidsprogram.

Sleutelpersone en informante in veral die naskoolse tersiêre omgewing, is deurentyd gekontak ten einde uit te vind wat hulle kan aanbied en watter voordele samewerking tussen die verskillende partye sal inhou. Personeel van die verskillende fakulteite, departemente, finansiële ondersteuning, studentegroepe en studentestrukture is genader om samewerking te verkry met betrekking tot die uitvoering van die navorsingstudie en om die noodsaaklikheid van 'n lewens-vaardigheidsprogram te eksploreer. Sodoende is die samewerking en ondersteuning van die relevante universiteitspopulasie verkry. Die gevoel van eienaarskap is ook op hierdie wyse aangemoedig. Die navorsing kon dus met die samewerking en ondersteuning van die universiteitspopulasie uitgevoer word. Die ontwikkeling van die lewens-vaardigheidsprogram kon derhalwe geskied, aangesien toegang en samewerking van die omgewing verkry is.

Die derde aksie ter sprake is dié van identifisering van die behoeftes van die populasie.

Aksie 3: Identifiseer die behoeftes van die populasie

'n Eksterne perspektief op die probleem en oplossing daarvan behoort verkry te word (Rothman & Thomas, 1994: 27–43; van der Linde, 2000: 11). Die navorser moet ook poog om die saak van belang te verstaan deur die klarifisering van die dimensies van die geïdentifiseerde behoeftes asook begrip te ontwikkel vir die omvang daarvan. Dit kan bepaal word deur onder andere van vraelyste, onderhoude met sleutelinformante, deur-tot-deur besoeke en gemeenskapsforums gebruik te maak (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

In die onderhawige studie is eksterne perspektief op die probleem en die oplossing daarvan verkry, deur met die eksterne rolspelers te kommunikeer. So is daar meestal met dosente, hoofde van departemente, die administrasie en studente strukture, 'n samewerkingsverhouding opgebou. Dit het meegebring dat genoemde persone in 'n toenemende mate studente na die Afdeling Studente-ondersteuning verwys het. Verbale terugvoer is ook veral vanaf die Departemente Ingenieurswese, Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe en Maatskaplikewerk ontvang.

In die onderhawige studie is ook gelet op bestaande verslae, assessering van bestaande kliënte, bestaande intervensieprogramme en multidissiplinêre intervensieprogramme. Die maandelikse statistiek wat verfyn en afgebreek is in die soort behoeftes en probleme van vroeë volwassenes, was 'n belangrike hulp in die samestelling van 'n kliënte profiel wat weer die inhoud van die lewens-vaardigheidsprogram gerig het.

Die insette van sleutelinformante is ook vervolgens aangewend om die behoeftes van die vroeë volwassenes te bepaal. Die multidissiplinêre span bestaande uit verskillende dissiplines, as deel van die Universiteit van Pretoria se Afdeling Studente-ondersteuning, het deurentyd waardevolle insette gelever. "The use of key informants mean that the opinions are asked of a small number of people known to be involved with the needed service or client group" (De Vos, 1998e: 369).

Tydens en voor die onderhawige studie is literatuur ook bestudeer. Onderhoude is met talle vroeë volwassenes oor 'n lang tydperk van veertien jaar gevoer. Op hierdie wyse het die navorser bewus geraak van die behoeftes en probleme van die vroeë volwassene, asook van die veranderde behoeftes. Vervolgens het die lewensvaardigheidsprogram hieruit gestalte verkry en is dit geslyp tot die finale produk soos weergegee word in hierdie studie.

Die behoeftes van die populasie is ook prakties, eerstehands ingewin deur 'n nasionale- en internasionale konferensie van die verteenwoordigende studente-ondersteunings instansies van alle Universiteite en Teknikons in Suid Afrika, by te woon en 'n werkwinkel aan te bied. Tydens die Society for Student Counselling in Southern Africa (SSCSA) konferensie in September 2001 te Kaapstad, was die tema van die konferensie: "Unpacking the Hidden Curriculum". (Verskillende lewensvaardighede). Navorser het twee werkwinkels aangebied getiteld: "Get set and go!" en "An empowering lifeskills program for young adults". Die interaksie en besprekings tydens hierdie werkwinkels, wat deur 100 van die 120 afgevaardigdes bygewoon is, was besonder insiggewend. Inligting en ervaring oor die bestaande behoeftes en probleme van vroeë volwassenes en moontlike bemag-tigingstrategieë (Vergelyk hoofstuk 3) is bevestig. Kennis is ook onderling uitgeruil. Die behoefte aan 'n spesifieke lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene is tydens hierdie konferensie dringend beklemtoon.

Die vierde aksie in die fase van probleemanalise en projekbeplanning is die analisering van geïdentifiseerde behoeftes van die vroeë volwassene.

Aksie 4: Analiseer geïdentifiseerde behoeftes

Vrae wat hier ter sake is, is die volgende: "Wat is die aard van die diskrepansie tussen 'ideaal' en 'wesentlike' toestande wat die probleem definieer?" "Vir wie is die situasie 'n probleem?" "Wat is die negatiewe gevolge van die probleem of die geaffekteerde individu?" "Wat is die negatiewe gevolge van die probleem vir die gemeenskap?" "Wie (indien enige) baat by die huidige situasie?" "Wie behoort die verantwoordelikheid te deel om die probleem op te los?" "Watter omstandighede behoort te verander om ondersteuning wat benodig word, daar te stel?"

Intervensie navorsers het bevind dat al die bogenoemde vrae in 'n sogenaamde protokol vir analisering gegiet kan word, wat as waardevolle riglyne vir die proses benut kan word (De Vos, 1998b: 389). Ook in die proses van program-ontwikkeling was die analisering van die geïdentifiseerde behoeftes aan die hand van genoemde riglyne van belang.

Navorsers konstateer dat die vroeë volwassene self die probleem beleef en dat die gebrek aan lewensvaardighede 'n negatiewe effek op die selfverwensliking en psigososiale funksionering van die individu in die samelewing het. Professionele begeleiers behoort die verantwoordelikheid vir die oplos van hierdie probleem te aanvaar. 'n Belegging van lewensvaardighede in die vroeë volwassene se lewe, is 'n belegging vir 'n gesonde individu, gesin en gemeenskap. 'n Lewensvaardigheidsprogram ter bemagtiging van die vroeë volwassene moes dus geïmplementeer word en die behoefte daaraan is deur geanaliseerde, geïdentifiseerde behoeftes bevestig.

'n Vyfde aksie is vervolgens ook ter sprake.

Aksie 5: Die opstel van doelstellings en doelwitte

Doelstellings verwys na die breë uitkoms wat verkry word, terwyl doelwitte verwys na die spesifieke veranderinge wat bydra tot die breë beplande uitkoms (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Die doelstelling van hierdie studie is om 'n lewensvaardigheidsprogram ter bemagtiging van die vroeë volwassene met die oog op verbeterde selfpersepsie en psigososiale funksionering te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

Die volgende doelwitte is geformuleer ten einde spesifieke doelstellings vir die navorsing te bereik:

- Om vanuit 'n literatuurstudie en teoretiese verwysingsraamwerk die fases, wesenseienskappe, probleme, behoeftes en wyses van bemagtiging van vroeë volwassenes te ondersoek en te beskryf.
- Om deur middel van Rothman & Thomas se model, die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes te beskryf.
- Om gefundeer vanuit die literatuurstudie en bewese praktykervaring, 'n lewensvaardigheidsprogram te ontwerp.
- Om die ontwikkelde lewensvaardigheidsprogram empiries te ondersoek.
- Om vanuit die bevindinge van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak met die oog op die toekomstige toepassing van die lewensvaardigheidsprogram.

Fase twee van die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram, omvat die insameling van data en sintesevorming.

4.2.1.2 Fase 2: Insameling van data en sintesevorming

Die insameling van kennis sluit die identifisering en selektering van relevante kennis en die gebruik en integrering van gepaste bronne en inligting in.

Tydens die onderhawige studie is kennis van die vroeë volwassene en die individu se behoeftes en probleme, oor 'n lang tydperk ingesamel. Op hierdie wyse kon die selektering van relevante kennis en integrering van gepaste bronne plaasvind wat tot die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram bygedra het. Hierdie bronne was intern en ekstern tot die Universiteit van Pretoria, soos alreeds genoem. Die insameling van data het juis daartoe aanleiding gegee dat die spesifieke navorsingstudie onderneem is.

Aksie 6: Maak gebruik van bestaande inligtingsbronne

'n Literatuuroorsig bestaan uit die bestudering van geselekteerde empiriese navorsing, gerapporteerde praktyk en geïdentifiseerde intervensies wat relevant is tot die sosiale behoeftes wat ter sprake is (Rothman & Thomas, 1994: 27–43; van der Linde, 2000: 13).

Tydens die onderhawige studie is 'n geselekteerde volledige literatuurstudie, wat bewese navorsing insluit, soos weergegee in hoofstukke twee en drie, uitgevoer. Die literatuurstudie asook praktykgerigte intervensie het die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram gerig ten opsigte van watter aspekte in die program vervat sou word.

Vervolgens het aksie sewe gefokus op die bestudering van natuurlike voorbeelde. Rothman en Thomas (1994: 27–43) beskryf twee punte van belang tydens hierdie aksie.

Aksie 7: Bestudeer natuurlike voorbeelde

- Onderhoude met kliënte of diegene met kennis oor die probleem/behoefte kan vooraf inspraak lewer ten opsigte van die moontlike sukses van intervensies asook die veranderlike wat sukses kan affekteer. Op hierdie wyse kan die program effektief ontwikkel word.
- Onsuksesvolle programme en praktyke behoort bestudeer te word om sodoende waardevolle inligting te verkry (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Tydens hierdie navorsingstudie en selfs voor die formele aanvang daarvan, het navorser vanuit die praktyk en multiprofessionele samewerking, waardevolle kennis insake die vroeë volwassene en hul behoeftes verkry. Tydens hierdie aksie van bestudering van natuurlike voorbeelde is die behoefte en noodsaaklikheid aan 'n lewensvaardigheidsprogram geïdentifiseer en is daar tot die insig gekom dat daar tans nie 'n lewensvaardigheidsprogram, spesifiek afgestem op die vroeë volwassene, bestaan nie.

Aksie agt fokus vervolgens op die identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle.

Aksie 8: Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle

Nadat inligting ingesamel is, analiseer die navorser die kritiese kenmerke van die programme en praktyke wat voorheen die probleem aangespreek het (Rothman & Thomas, 1994: 27–43; van der Linde, 2000: 13).

Tydens die onderhawige navorsing is literatuur met betrekking tot die teoretiese fundering, navorsingsmetologie, die ontwikkeling en wesenkenmerke van die vroeë volwassene, die spesifieke behoeftes en

lewenstake van hierdie teikengroep, die bemagtigingsproses asook strategieë en instaatstellende aktiwiteite in die bemagtigingsproses bestudeer.

Plaaslike sowel as oorsese boeke, tydskrifte en akademiese verhandelings /proefskrifte is benut ten einde die literatuurstudie daar te stel. Die bronne wat benut is, was vanuit die gedragswetenskap maatskaplikewerk, maar ook aanverwante wetenskappe soos die sosiologie, sielkunde, opvoedkunde, gesondheidswetenskappe en ekonomie, is aanvullend benut (Sien bronnelys). Hierdie bronne en inligting het 'n konstruktiewe bydrae tot die ontwikkeling van die lewens-vaardigheidsprogram gelewer.

Onderhoude is ook met kenners gevoer naamlik:

- Prof. C D Jacobs (Hoof: Studente-ondersteuning – Universiteit van Pretoria).
- Dr. R E Moraka (Voorheen hoof: Studente-ondersteuning en tans Studente Dekaan – Universiteit van Pretoria).
- Verteenwoordigers van Studente-ondersteuning van verskeie Universiteite en Teknikons in Suid Afrika tydens die September 2001 konferensie te Kaapstad insake lewensvaardighede (Kaapstad, Wes-Kaapland, Witwatersrand, Unisa, Vista en Port Elizabeth).
- Besoeke is aan plaaslike sowel as buitelandse universiteite gebring, te wete: Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van Port Elizabeth en Vrije Universiteite van Amsterdam en Brussels (1995).

Die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes wat tydens hierdie navorsing ontwikkel is, is die eerste in sy soort en derhalwe kon soortgelyke programme nie bestudeer word nie. Aanverwante programme soos dié van

Taute (1992) en De Vos (1995) kon as riglyne ten opsigte van die skryf van die betrokke program dien.

Vervolgens sal tydens fase drie op die ontwerp van die navorsingstudie gefokus word.

4.2.1.3. Fase 3: Ontwerp van 'n program

Volgens Rothman & Thomas (1994: 27–43) kan twee tipe produkte uitvloeiels van intervensienavorsing wees:

- Die navorsingsdata kan die verhouding tussen intervensie en gedrag (uitkoms) demonstreer of
- Intervensie sluit ook 'n strategie, tegniek, program, voorligting- of opleidingsmateriaal, omgewingsveranderlikes, 'n motiverende sisteem of nuwe beleid in.

Data het wel die verhouding tussen intervensie en gedrag gedemonstreer. Hierdie intervensie het 'n nuwe program ingesluit.

Tydens hierdie navorsingstudie, is die verhouding tussen die intervensie (voortoets-intervensieprogram–natoets) en gedrag (uitkoms) van die vroeë volwassene wel deeglik gedemonstreer en empiries wetenskaplik getoets (Vergelyk hoofstuk 7).

Die intervensie, soos van toepassing in hierdie studie, het dus ook soos Rothman en Thomas (1994: 27–43) beskryf, 'n program, ingesluit.

Aksie 9: Spesifiseer prosedures van die intervensie

Die waarneem van die probleem en natuurlike innovasies, asook ander prototipes, help die navorser om prosedures vir intervensie te identifiseer (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Die aangebode behoeftes van die vroeë volwassene in die praktyk het die navorser voor en tydens die aanvang van die studie gehelp om 'n sisteem insake die omvang van die probleem en die gevolge van die intervensie (lewensvaardigheidsprogram), te ondersoek. Sodoende is die prosedures van die intervensie verfyn en ontwikkel en die lewensvaardigheidsprogram kon beplan word (Vergelyk hoofstuk 1 en 6).

Fase vier vloei hieruit voort.

4.2.1.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en voorlopige toetsing

Gedurende die vierde fase word 'n prototipe ontwerp, die voorlopige toetsing vind plaas en die kriteria van ontwerp word aangewend in die voorlopige intervensie konsep (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Rothman (1994: 107) noem dat voorlopige toetsing vasstel of iets gedoen of nie gedoen kan word nie. Voorlopige toetsing bevat die eerste element van verantwoordbaarheid en realiteitskontak ten opsigte van die eindproduk wat in die navorsing gebruik gaan word. Voorlopige toetsing is dus 'n belangrike stap om van teorie na praktyk te beweeg.

Die aktiwiteite in hierdie fase word deur Rothman & Thomas (1994: 27–43) soos volg beskryf:

Aksie 10: Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie

- Selekteer en spesifiseer prosedures.
- Bepaal die wyse waarop die intervensie aan potensiële verbruikers gekommunikeer gaan word.
- Terugvoer van gebruikers en implementeerders (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Tydens die onderhawige studie is spesifieke prosedures geselekteer. Die implementering van die lewensvaardigheidsprogram het uit 'n eengroepvoortoets-natoets bestaan. Aanvanklik is besluit om hierdie prosedure in twee dae af te handel, met ander woorde dat die voortoets-intervensie-natoets binne twee dae agtereenvolgend deurloop sou word. Daar is uiteindelik van hierdie prosedure afgewyk soos wat in aksies 11 en 12 beskryf word, aangesien die werklike positiewe/negatiewe invloed van die program nie in dié kort tyd bepaal kon word nie. Volgens navorser is dit noodsaaklik dat die program ingeoefen moet word en dat 'n sekere redelike tydsverloop noodsaaklik is ten einde die program genoegsaam te internaliseer.

Die intervensie (program) is op die volgende wyse aan potensiële verbruikers gekommunikeer:

- Die inligtingsblaadjie van die Afdeling Studente-ondersteuning is aan alle Departemente, Fakulteite en belanghebbende diensverskaffers op die kampus van die Universiteit van Pretoria gestuur.
- 'n Webtuiste waarop die verskillende dienste, programme en kursusse van die Afdeling Studente-ondersteuning bekendgestel word is aan studente gekommunikeer.

- Inligtingsessies by koshuise en eerstejaarsgroepe word van tyd tot tyd aangebied.

Aksie elf het vervolgens gefokus op die voorlopige toetsing wat uitgevoer is.

Aksie 11: Begelei 'n voorlopige toetsing

Ten opsigte van die begeleiding van 'n voorlopige toetsing (vooronderzoek) is die volgende aspekte van belang:

- Voorlopige toetsing het ten doel om te bepaal of die intervensie gaan werk al dan nie.
- Die voorlopige toetsing behoort in omstandighede geloods te word wat vir die navorser gemaklik en soortgelyk aan die intervensie is.
- Voorlopige toetsing bepaal die effektiwiteit van intervensie en identifiseer watter elemente van die prototipe (program) hersien moet word (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Soos reeds vermeld, is daar tydens hierdie studie aanvanklik besluit om die lewensvaardigheidsprogram, met die voortoets en natoets, oor twee dae uit te voer. Die respondente is aanvanklik aan die vooronderzoek blootgestel, wat oor twee dae gestrek het. Die navorsingsresultate het getoon dat daar wel 'n verbetering was, maar dat hierdie verbetering gering was.

Vanuit bewese praktykervaring het navorser bevind dat die vroeë volwassene lewensvaardighede moet internaliseer. Met dié praktykervaring in gedagte, is die vooronderzoek geherkonstrueer. Drie ander respondente is aan die vooronderzoek blootgestel met 'n lewensvaardigheidsprogram van ses sessies van twee ure lank, wat oor ses weke gestrek het. Tydens die laaste sessie is

'n natoets uitgevoer. 'n Persoonlike evaluering het na die afhandeling van die sessies gevolg.

Die resultate wat op hierdie wyse verkry is, het getoon dat die lewensvaardighede meer effektief geïnternaliseer is, meer standhoudend was en die selfpersepsie en psigososiale funksionering van die vroeë volwassene verbeter het.

Hierdie werkswyse is dus gevolg tydens die implementering van die hoofondersoek. Die empiriese resultate het die effektiwiteit van hierdie werkswyse bevestig (Vergelyk hoofstuk 7).

As terugverwys word na die drie punte van belang by Aksie 11, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat:

- Die voorlopige toetsing aangewend is om te bepaal of die intervensie (lewensvaardigheidsprogram) effektief gaan werk.
- Die voorlopige toetsing onder omstandighede geloods is wat gemaklik was vir die navorser en soortgelyk was aan die daaropvolgende intervensie. Derhalwe is die tweede voortoets uitgevoer en geïmplementeer.
- Die voorlopige toetsing die effektiwiteit van die intervensie bepaal en elemente van die prototipe (program) geïdentifiseer het, wat hersien moes word. Hierdie elemente was dus die tydsduur en implementeringswyse van die lewensvaardigheidsprogram.

Vervolgens is daar aandag aan aksie twaalf gegee.

Aksie 12: Wend kriteria van ontwerp aan in die voorlopige intervensie konsep

Punte van belang word deur Rothman & Thomas (1994: 27–43) beskryf as:

- Die proses van ontwerp moet gelei word deur riglyne en waardes van intervensienavorsing.
- Sekere relevante vrae kan gevra word, naamlik: "Is die intervensie (program) effektief?" "Maklik om te gebruik?" "Prakties?" "Aanpasbaar in verskeie diverse kontekste?" "Is dit verenigbaar met plaaslike gebruike en waardes?"

Tydens hierdie navorsing is die proses van ontwerp gelei en gerig deur riglyne en waardes van die intervensienavorsing, programbeplanning en programontwikkeling en relevante vrae is gevra en beantwoord.

Op hierdie wyse is daar vasgestel dat die intervensie effektief getoets kan word deur gebruik te maak van Perspektief Kollege se gestandaardiseerde meetinstrumente naamlik die Psigososiale Funksionering Inventaris en die Selfpersepsieskaal. Daar kon ook vasgestel word dat die intervensie maklik en prakties uitvoerbaar is in verskeie diverse kontekste van taal en kultuur.

Die intervensie is ook totaal verenigbaar met plaaslike gebruike en waardes, soos byvoorbeeld die beleid van die Universiteit van Pretoria.

Inligting, bevindinge en waarnemings wat vanuit die voorlopige intervensie konsep verkry is, is verfyn en die nodige veranderinge en aanpassings is aan die finale produk (program) en uitvoeringsprosedures gemaak.

Fase vyf sal vervolgens bespreek word wat handel oor die evaluering en gevorderde ontwikkeling van die intervensie (lewensvaardigheidsprogram).

4.2.1.5 Fase 5: Evaluasie en gevorderde ontwikkeling

Ten einde die evaluering en gevorderde ontwikkeling van die intervensie en lewensvaardigheidsprogram uit te voer, is die volgende aktiwiteite van belang (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Aksie 13: Selekteer 'n eksperimentele ontwerp

- Die eksperimentele ontwerp het ten doel om die verband tussen intervensie, die gedrag asook verwante probleemareas te demonstreer. Met ander woorde, wat is die fokus van verwante probleemareas vir die verandering?
- Die faktore wat 'n invloed het op die keuse van die ontwerp, word bepaal deur die doel en omvang van verandering wat die kliënt verlang.
- Die tipes gedrag en die noodsaaklikheid vir verandering word geïdentifiseer.
- Die stabiliteit van die omgewing of konteks is van belang.
- Die doel van die navorsing speel 'n rol in die selektering van 'n eksperimentele ontwerp.

Die voorlopige evaluering na afhandeling van die voorlopige toetsing van die intervensie het die kwasi-eksperimentele ontwerp se effektiwiteit beklemtoon en die verwante probleemareas gedemonstreer, met ander woorde wat die fokus van die verwante probleemareas vir die verandering is (Sien aksie 11).

'n Bespreking van die kwasi-eksperimentele ontwerp is nie direk op die program-ontwikkeling van toepassing nie en is in hoofstuk 1 bespreek.

Aksie veertien het vervolgens gevolg met die insameling en analisering van die data.

Aksie 14: Insameling en analisering van data

Geldigheid en betroubaarheid is baie belangrik tydens die insameling en analisering van data.

Tydens die navorsingstudie is die geldigheid en betroubaarheid van die data insameling en analisering hoog geag. Die gestandaardiseerde vraelyste en rekenaarprogram waarmee die data ingesamel en geanaliseer is, het veral tot die geldigheid en betroubaarheid bygedra. Die rekenaarondersteuningsdienste en die statistikus van die Universiteit van Pretoria, het ook tot die geldigheid, betroubaarheid en effektiewe ontleding van die data bygedra. Hierdie aksie is breedvoerig in hoofstukke 6 & 7 bespreek.

Aksie 15: Hierdie aksie is gerig op die duplisering van die intervensie onder veldkondisies, wat gerealiseer het en wat beskryf is in Aksie 16.

Aksie 16: Behels die verfyning van die intervensie

Die resultate van die intervensie onder veldkondisies word gebruik om probleme met die meetinstrument en intervensie op te los (Rothman & Thomas, 1994: 27–43).

Die lewensvaardigheidsprogram is eenmalig in hierdie studie geïmplementeer, derhalwe is die eengroep-voortoets-natoets ontwerp as die mees gepaste navor-singsontwerp geselekteer.

4.2.1.6 Fase 6: Disseminasie

Rothman (1994: 192) verduidelik die doel van disseminasie soos volg: "When a relevant product or service has materialized to a suitable level, some activity must direct the effective flow – the dissemination or diffusion – of the product or service from the producer to the appropriate customer, consumer or user. This activity is called 'Marketing'".

Volgens Rothman (1994: 192) is sosiale bemarking die ontwerp, implementering en kontrole van 'n program wat daarna streef om die aanvaarbaarheid van 'n sosiale idee of program (practice) in 'n teikengroep(e), te verhoog. Sosiale bemarking benut die konsepte van marksegregasie, verbruikers navorsing, idee skepping, kommunikasie, fasilitering, insentiewe en uitruil van teorieë ten einde die respondent of respondentgroepe se reaksie te maksimaliseer.

Alhoewel stappe 17–19 **nie** deel uitgemaak het van dié studie nie, bevat dit tog inligting wat van belang kan wees.

Ten einde die disseminasie van die lewensvaardigheidsprogram hier ter sprake deur te voer, behoort die volgende aktiwiteite volgens Rothman & Thomas (1994: 27–43) aandag te geniet:

- Aksie 17: Berei produk voor vir disseminasie.
- Aksie 18: Identifiseer 'n potensiële mark vir intervensie.
- Aksie 19: Skep 'n behoefte vir die intervensie.

Aksie 17: Berei produk voor vir disseminasie

Dit impliseer dat 'n handelsnaam, 'n handelsprys en standarde vir gebruik gekies en vasgestel moet word. 'n Handelsprys word in samewerking met finansiële kundiges bepaal en verspreiding word meestal na afhandeling van 'n studie van stapel gestuur.

Gelyktydig hiermee, word aksie agtien uitgevoer wat die potensiële mark vir intervensie bepaal.

Aksie 18: Identifiseer potensiële mark vir intervensie

Sekere vrae dien as riglyn om die potensiële mark te identifiseer. Watter mense kan persoonlik baat vind by die intervensie? Wie kan die grootste bydrae lewer tot die oplos van die problematiek? Is die doel van disseminasie om 'n breë verbruikersgroep te bereik of meer 'n geselekteerde groep? Watter marksegment sal hierby baat? Watter media benadering gaan die mees gepaste en bekostigbaarste wees?

Tydens die navorsingstudie het die disseminasie van die produk as't ware natuurlik na vore getree en sal dit na afhandeling van die studie aandag geniet, aangesien talle rolspelers tydens die Society for Student Counselling in Southern Africa (SSCSA) se konferensie in Kaapstad (September 2001) 'n groot belangstelling in die produk getoon het.

As op die vrae van toepassing tydens Aksie 18 gefokus word, kan die volgende genoem word wat in gedagte gehou kan word vir die toekomstige disseminasie.

- Die persone wat by die spesifieke lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes kan baat is juis die groep jongmense wat die skool verlaat en toetree tot 'n studerende of werksmilieu. Hoofstuk 2 verwys in besonderhede na die spesifieke lewensbehoefte en take van dié betrokke groep. Tans bestaan daar ook nog geen lewensvaardigheidsprogram spesifiek gerig op die vroeë volwassene nie.
- Die problematiek kan grootliks deur interne en eksterne rolspelers gemoeid met die vroeë volwassene aangespreek word.
- Die doel van die disseminasie is om op 'n geselekteerde groep te fokus, naamlik die vroeë volwassene, alhoewel die lewensvaardigheidsprogram gemaklik aangepas kan word om in die behoeftes van 'n jonger of ouer groep te voorsien.

Aksie 19: Skep 'n behoefte vir die intervensie

- Bemerkers moet potensiële verbruikers oortuig dat hulle sal baat by die intervensie, en daar kan ook gebruik gemaak word van advertensie, modellering en proefneming (Rothman & Thomas, 1994: 27–43). Hierdie studie was egter nie op die uitvoering van stappe 17-19 gerig nie.

Samevattend kan gestel word dat die programontwikkeling, navorsingsprosedures en werkwyses soos uiteengesit in die fases van Rothman & Thomas se model effektief geïntegreer kon word met die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram soos van toepassing op hierdie studie.

Die volgende elemente is egter ook vervolgens van kardinale belang in die ontwikkeling van 'n program:

- Programmonitering.

- Impak of uitkoms van die program.
- Koste effektiwiteit van die program.
- Assessering van die behoeftes van die teikengroep.
- Evalueerbaarheid van die program.
- Professionele begeleiding.

Bogenoemde elemente sal vervolgens teoreties toegelig word.

4.3 Belangrike elemente in programontwikkeling

4.3.1 Programmonitering

Volgens Rossi en Freeman (1989: 167) is daar drie sleutelvrae by program monitering ter sprake naamlik:

- Wat is die omvang van die program ten einde die geskikte "teiken" populasie te bereik?
- Is die program se dienslewering konstant en bestendig ten opsigte van die spesifikasies ontwerp?
- Watter hulpbronne is alreeds uitgebrei in die uitvoering van die program?

Bogenoemde sleutelvrae sal vervolgens bespreek word

4.3.1.1 Bereik die program die geskikte teikengroep?

Die monitering van 'n program kan teikenpopulasie-evaluering genoem word (De Vos, 1998: 371). Dit behels dat die program die spesifieke geselekteerde groep behoort te bereik, en dat die program deur die spesifieke teikengroep benut moet word, aangesien die waarde van die program verlore raak indien die geskikte teikengroep nie bereik word nie.

4.3.1.2 Is die diens (program) standvastig in terme van ontwerpspesifikasies?

Hierdie vraag kan deur middel van prosesevaluering beantwoord word. Kaplan (1980: 324-325) konstateer dat prosesevaluering die montering van program strategie en aktiwiteite behels. Hierdie deurlopende monitering het twee doelwitte naamlik:

- Om periodieke terugvoer te gee oor relevante inligting ten einde onmiddellike herdefiniëring te skep.
- Om inligting deur te gee ten opsigte van die finale uitkomdata (De Vos, 1998e: 372).

Relevante vrae wat derhalwe gevra kan word in terme van die finale uitkoms is:

- Het die respondent/deelnemers gearriveer soos beplan en geskeduleer?
- Het die respondente die doelwitstellings en die metodes van die program aanvaar?
- Het die professionele begeleier die program uitgevoer soos beplan, of is daar sekere veranderinge aangebring?

- Het die respondente die geleentheid gehad om hul eie doelwitte te formuleer vir deelname aan die program te formuleer?
- Het die programontwerpers die beplanning van die program vooraf met die toekomstige deelnemers bespreek? (Vergelyk De Vos, 1998: 372).

4.3.1.3 Watter hulpbronne bestaan of word uitgebrei in die uitvoering van die program?

Hierdie vraag kan deur "inset evaluasie" beantwoord word (Rossi & Freeman, 1989: 167). Dit behels 'n ondersoek na die inset wat die program vereis in terme van personeel en koste. Die aantal telefoonoproepe ten opsigte van die program, vergaderings bygewoon en afstande afgelê is hier relevant.

Selfs sonder die koste-effektiewe analise of die koste-effektiewe berekening, kan die "inset evaluasie" deel van die program monitering uitmaak.

Indien die impak evaluasie van geen of min waarde blyk te wees, is dit dikwels nie omdat die program oneffektief is nie, maar eerder omdat die implementering foutief of onvolledig is.

'n Sleutel element van programmonitering is watter **soort** evaluasie gebruik gaan word om die insette, die proses en die teikenpopulasie te monitor. Monitering behoort byvoorbeeld weekliks, maandeliks of elke drie maande te geskied.

4.3.2 Impak of uitkoms van die program

Die element van impak- of uitkoms analise is ook een van die elemente van belang in die ontwikkeling van 'n program.

Rossi en Freeman (1989: 49-50) bespreek die konsep van impak analise in besonderhede. Impak analise meet die effek van 'n program in terme van die mate waartoe die program die nodige verandering in die regte rigting bewerkstellig het en impliseer 'n stel gespesifiseerde operasionele, gedefinieerde doelwitte (objekte) en kriteria vir sukses. Die doelwitte mag sosiale gedragsdoelwitte, gemeenskapsbaseerde- of fisiese doelwitte wees (De Vos, 1998e: 374).

Impak evaluasie is ook noodsaaklik wanneer daar 'n vergelyking tussen twee verskillende programme voorkom, of wanneer die verbruikerswaarde (nuttigheid) van 'n nuwe program getoets word om 'n spesifieke program te verbeter.

4.3.3 Koste effektiwiteit van die program

Die bruikbaarheid van 'n program impliseer 'n kombinasie van effektiwiteit en nuttigheid (effectiveness and efficiency). Effektiwiteit word gemeet by wyse van impak- of uitkoms evaluasie. Die vraag bestaan of **enige verlangde** verandering voorgekom het. Die antwoord word dikwels in assosiatiewe of informele eksperimentering gevind (De Vos, 1998e: 375).

Koste effektiwiteit verwys na hoe die uitkoms van die program met die program koste vergelyk (Rossi en Freeman, 1989: 375). Effektiwiteitsassessering (cost benefit and cost effectiveness) verskaf 'n verwysingsraamwerk om koste van programme met hul resultate in verband te bring. Beide koste voordele en koste effektiwiteitsanalise, verskaf inligting ten einde besluite oor die toewysing van hulpbronne te maak (De Vos, 1998e: 376).

Die elemente van evalueerbaarheid van 'n program, is vervolgens ook van groot belang by die ontwikkeling daarvan en sal vervolgens bespreek word.

4.3.4 Evalueerbaarheid van die program (Benuttingsevaluering)

Volgens Rossi & Freeman (1989: 544) moet die waarde van evaluasie in terme van benuttingsvermoë beoordeel word, met ander woorde tot watter mate die program effektief en koste effektief is.

Daar moet derhalwe aandag gegee word aan die benutting van evaluasie resultate.

As 'n vertrekpunt kan die konvensionele drie-rigting klassifikasie gebruik word vir wyses waarop evaluasie benut kan word:

- Evalueerders kan direkte of instrumentele benutting ten opsigte van die evalueerbaarheid van 'n program toepas. Direkte gebruik verwys na gedokumenteerde en spesifieke gebruik van evaluasie deur besluitnemers en rolspelers.
- Benutting (evalueerbaarheid) kan konseptueel wees. Konseptuele benutting verwys na die aanwending van evaluasie resultate om gedagtes in die algemeen te beïnvloed. Hierdie evaluasie lei nie noodwendig tot die aanvaarding van sekere spesifieke programme of beleid nie, maar verskaf riglyne ten opsigte van meer koste-effektiewe gesondheids-, opvoedkundige- en welsynsprogramme, teenoor dikwels bestaande, oneffektiewe programme.
- Oorredende benutting verwys na evaluasie resultate ten einde politieke posisies aan te val of te verdedig.

Rossi en Freeman (1989: 456) noem egter dat die konseptuele gebruik van evaluasie 'n belangrike bydrae tot beleids- en programontwikkeling lewer.

De Vos (1998e: 380) spesifiseer wat presies geëvalueer behoort te word, ten einde die benuttingswaarde van die program te bepaal:

- Ten eerste die uitkoms of intervensie (is die diens met ander woorde effektief).
- Die verhouding tussen insette en uitsette (met ander woorde is die program effektief en ekonomies).
- Bogenoemde oorwegings kan gesamentlik beskryf word as benutting.

'n Verdere belangrike element in die ontwikkeling van 'n program is die assessering van die behoeftes van die teikengroep.

Volgens De Vos (1998e: 369) is daar verskillende wyses waarop behoeftes geassesseer kan word, naamlik om eerstens bestaande bronne te gebruik, of om tweedens alternatiewelik "nuwe" inligting aangaande die teikengroep in te samel.

Bestaande bronne behels dat bestaande verslae, asook die assessering van bestaande kliënte groepe en intervensieprogramme aangewend word om inligting in te samel. Hierdie wyse van behoeftebepaling word egter dikwels afgeskeep.

Die bestudering van verslae leen hom goed daartoe dat die kenmerkende eienskappe en behoeftes van 'n kliëntegroep, waargeneem kan word. Alhoewel verslae van organisasies van waarde kan wees, kan definitiewe data nie altyd hierdeur verkry word nie. Die data van een organisasie is ook nie altyd vergelykbaar met 'n ander nie (De Vos, 1998e: 369).

Die assessering van die behoeftes van die teikengroep kan ook verkry word deur nuwe inligting by wyse van gemeenskapsforums, sleutelinformante en sosiale ondersoeke (De Vos, 1998e: 369).

Die benutting van sleutelinformante kan waardevol wees wanneer 'n klein groep individue wat betrokke is by die verlangde diens, gekonsulteer word. Sleutelinformante is gewoonlik kundiges in 'n betrokke gebied.

In die ontwikkeling en implementering van 'n program speel die professionele begeleier van die program 'n baie belangrike rol. Die professionele begeleier word dus ten slotte as een van die belangrikste elemente in die ontwikkeling van 'n program, met spesifiek klem op dié vaardighede waaroor hy moet beskik, bespreek.

4.4 Die professionele begeleier

Nelson-Jones (1997: 309) wat as die mees resente kundige op die gebied van lewensvaardighede beskou kan word, haal die volgende treffende aanhaling in sy nuutste publikasie aan:

"I hear, I forget
I see, I remember
I do, I understand"

Chinese proverb.

In terme van die begeleiding tot lewensvaardighede, val die klem op die ontvanger (luister) vaardighede, eerder as op uitstuur (opleiding) vaardighede van die begeleier. Daarbenewens benodig die professionele begeleier ook opvoedkundige- en opleidingsvaardighede.

Krumboltz (1988) bevestig Nelson-Jones (1997: 254) se siening dat die professionele begeleidingsproses gedefinieer kan word as 'n leerproses wat

ontwerp is om die individu te help en om effektiewe wyses van die hantering van hul emosionele-, sosiale-, en beroepsprobleme, te vind.

Die bemagtiging van die vroeë volwassene deur die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram moedig die individu aan om hulleself te leer en om dit wat hulle geleer het te verstaan, in stand te hou en te benut (Vergelyk Nelson-Jones, 1997: 254).

Die individu as leerder, vereis 'n professionele begeleier as opleier om hulle tydens die leerproses te rig. Begeleiers vereis dus nie alleen kennis van wat die intervensie bied nie, maar vereis ook die vaardigheid om intervensie toe te pas. "the **what** of intervening needs to be supplemented by the **how** of intervening" (Nelson-Jones, 1997: 254). Die professionele begeleier moet dus meer spesifiek oor die volgende vaardighede beskik:

4.4.1 Die belangrikheid van die ondersteunende verhouding (counselling relationship)

Die professionele begeleier moet oor goeie terapeutiese verhoudingsvaardighede, asook goeie opleidingsvaardighede beskik.

Die meeste individue kan nie slegs op die kwaliteit van die ondersteunende verhouding staatmaak nie, maar vereis **meer aktiewe** hulp.

Die ondersteunende verhouding staan sentraal in die leerproses, tesame met 'n werkaliansie, assessering, kliënte se selfassessering, selfeksplorasie, gevoelsbelewenis, die skep van 'n veilige emosionele klimaat om risiko's te neem en om verantwoordelikheid vir hulle optrede te aanvaar. Deur middel van die ondersteunende verhouding openbaar die individu 'n openheid om probleme met die implementering van vaardighede uit te spreek. Die individu sal dus ten beste baat vind by die professionele begeleier wat beide 'n ondersteunende verhouding, asook die integrering van vaardighede bied. Die

verhouding ondersteun ook die aktiewe benadering tot opleiding en leer (Nelson-Jones, 1997: 311-312).

4.4.2 Die hervatting van die ondersteunende verhouding en opvaardighede

Tydens die ontmoeting met die individu tydens fase 4 (Dasie-model, vergelyk hoofstuk 3), begin die begeleier die verhouding hervestig. Intervensie sessies is 'n proses. Veral inleidende algemene opmerkings en gesprekvoering, dui aan waar die individu homself bevind. Die begeleier gee doelbewus vir die individu 'n sekere mate van kontrole met die eerste deel van die sessie. Die begeleier kan by voorbeeld vra: "hoe het jy die week ervaar?", "Is daar enige iets wat jy met my wil deel?" en "Waar wil jy hê moet ons begin?". Veral tydens hierdie fase van die gesprek behoort die begeleier aktief te luister (Nelson-Jones, 1997: 312).

Navorser stem saam met bogenoemde skrywer (Nelson-Jones, 1997: 312) dat 'n rustige inleiding deur middel van algemene vrae, noodsaaklik is. Die volgende redes kan hiervoor aangevoer word:

- Die begeleier moet die persoon-tot-persoon verhouding vestig. Die individu se agenda is belangrik en behoort met respek hanteer te word.
- Van die begin af, word die individu aangemoedig om aktief deel te neem deur hulle eie bydraes te evalueer.
- Die individu word psigososiale veiligheid en ruimte gegun om die begeleier op hoogte te bring met inligting wat vir homself belangrik is.
- Die individu kry die geleentheid om nuwe inligting tot die agenda by te voeg.

- Die begeleier help die individu op hierdie wyse om 'n veilige emosionele klimaat daar te stel en om meer intensief op die ontwikkeling van spesifieke lewensvaardighede te konsentreer.
- Die begeleier verminder die kanse tot weerstand, aangesien die individu beleef dat hy gehoor en verstaan word.

4.4.3 Die daarstelling van sessievaardighede

Volgens Nelson-Jones (1997: 313) is die wyse waarop die professionele begeleier in die lewensvaardigheidsprogram oorgaan tot die daarstel van sessie agenda punte van groot belang.

'n Agenda word ten aanvang van elke sessie opgestel. Die beste tyd hiervoor is nadat die begeleier en individu weer met mekaar "opgevang" het, soos voorheen verduidelik. Die professionele begeleier kan met 'n goedgestruktureerde agenda plan werk, soos tydens die aanwending van navorser se lewensvaardigheids-program, of andersins met 'n oop plan agenda werk en vir elke sessie 'n agenda opstel. Een spesifieke agendapunt kan ook afgesonder word vir bespreking, waarna gesamentlik na 'n ander area beweeg word.

Tydens 'n program kan die rede vir 'n besondere fokuspunt, (agendapunt) aan die individu gekommunikeer word en agenda punte kan ook vanuit 'n vorige sessie voortvloei. Navorser het ook tydens die implementering van die lewensvaardigheidsprogram deurentyd gebruik gemaak van tuisopdragte en inoefening om sodoende aan 'n spesifieke vaardigheid te werk.

Die professionele begeleier behoort vervolgens ook oor **die** vaardighede te beskik, waarvan gespreksvaardighede (speaking skills) een is. Nelson-Jones (1997: 314) onderskei sekere gespreksvaardighede wat die professionele be-

geleier aan die dag moet lê tydens die individu se bemagtiging, wat vervolgens toegelig word.

4.4.4 Gespreksvaardighede waarom die professionele begeleier moet beskik

Gespreksvaardighede impliseer die bemeestering van gespreksangstigtheid, die voorbereiding van duidelike inhoud- en aanbiedingsvaardighede en die uitstuur van goeie verbale- en nie-verbale boodskappe (Nelson-Jones, 1997: 314).

Gespreksvaardighede word veral ten opsigte van die volgende geleenthede vereis (Nelson-Jones, 1997: 314):

- Die verduideliking van redes waarom 'n spesifieke vaardigheid ontwikkel moet word.
- Wanneer die komponente van 'n vaardigheid beskryf word.
- Wanneer kommentaar vir vaardigheidsdemonstrasies gelever word.
- Wanneer die individu onderrig word in die inoefening van vaardighede.
- Wanneer die individu vrae oor sekere vaardighede vra.
- Wanneer opvolg tuisopdragte uitgespel word.

Daar moet in gedagte gehou word dat die mees effektiewe leerproses behels dat 'n individu sy eie selfgesprek en implementeringsvaardighede inoefen.

Nelson-Jones (1997: 314) as kundige op die gebied van lewensvaardighede, verwys veral na drie spesifieke gespreksvaardighede wat ook van waarde was

tydens die implementering van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes. Hierdie gespreksvaardighede word vervolgens toegelig.

*** Gespreksvaardigheid 1: Die hantering van die professionele begeleier se eie gespreksangstigtheid**

Eerstens benodig die begeleier dikwels tyd om gemaklik in terme van die kennis van die vaardigheid te raak. Deur middel van intervensievaardighede, wat demonstrering en afrigting insluit, ontwikkel en bemeester die begeleier ook kennis en vaardigheid, wat daartoe aanleiding gee dat die begeleier se eie gespreksangstigtheid verminder.

Ontspanne konsentrasie, wat vereis word om lewensvaardighede aan te bied, verminder die begeleier se gespreksangstigtheid, asook die hantering van gevoelens soos spanning, onveiligheid, kwesbaarheid, verleentheid en verwardheid (Nelson-Jones, 1997: 314).

Gespreksvaardighede wat die begeleier dus in hierdie konteks behoort te bemeester is, kortliks die volgende:

- Die verantwoordelikheid van voortdurende leer en opleiding in terme van gespreksvaardighede.
- Die begeleier behoort in voeling met sy eie gevoelens te kom, al ervaar die begeleier angs daaromtrent. Vervolgens behoort die begeleier ook aandag aan die probleem te gee, ten einde ontspanne en effektief 'n gesprek te voer.
- Die begeleier behoort positiewe selfgesprek aan te wend en te bemeester.

- Realistiese persoonlike doelwitte moet ook geselekteer word ten opsigte van die begeleier se eie optrede teenoor die individu of groep, wat vervolgens weer positiewe gespreksvoering sal stimuleer.
- Die begeleier se persepsie en vertolking van die aanbieding van lewensvaardighede sowel as die terugvoer daarvan, behoort akkuraat te wees.
- Tydens gespreksvoering behoort die begeleier se vooruitskouing of voorspelling van die uitkoms van aangebode vaardighede realisties te wees, wat impliseer dat die begeleier oor sekere gespreksvaardighede sal beskik.
- Visualiseringsvaardighede behoort aangewend te word ten einde effektiewe gesprekke te bevorder. "Much better is to use your imagination to rehearse and practice relaxed competence" (Lazarus, 1984 soos aangehaal deur Nelson-Jones, 1997: 315).

Navorser beklemtoon die gedagte dat die professionele begeleier **self** voortdurende opleiding moet ondergaan ten einde eie vaardighede op verskillende terreine, onder andere gespreksvaardighede en die stel van doelwitte en selfontwikkeling, te verbeter. Hierdie proses is dus ook vir die begeleier 'n proses van voortdurende leer.

*** Gespreksvaardigheid 2: Die voorbereiding van duidelike inhouds- en aanbiedingsvaardighede**

Die professionele begeleier behoort bedrewe te wees in die effektiewe aanbieding van lewensvaardighede, wat veral die oordra van die **inhoud** daarvan betref.

Gespreksvaardighede ten opsigte van die duidelike uitspel van inhoud en effektiewe aanbieding, vereis derhalwe dat kernaspekte van

lewensvaardighede uitgelig word. Sistematiese voorbereiding is 'n voorvereiste vir hierdie gespreksvaardigheid.

Navorser beklemtoon Nelson-Jones (1997: 316) se standpunt dat die begeleier se aanbieding van lewensvaardighede op die meganismes (wyses) waarop 'n vaardigheid of subvaardigheid aangeleer kan word, moet fokus. Derhalwe het die navorser in die aanbieding van die lewensvaardighedsprogram, voortdurend 'n "hoe-gaan-ek-dit-bemeester-oefening" ingebou met terugvoer tydens die daaropvolgende sessie.

Gespreksvaardigheid tydens die aanbied van 'n lewensvaardighedsprogram, impliseer nie verveling nie. Selfs humor kan aangewend word om die inoefening- en leerproses pret te maak. Navorser het tydens praktykervaring dikwels van humor gebruik gemaak, aangesien dit ook die vroeë volwassene laat ontspan, sy verdedigingsmeganisme kan verlaag en weerstand uit die weg kan ruim.

Nelson-Jones (1997: 316) stel ook voor dat visuele- en mondelinge aanbiedings gebruik behoort te word. Beide hierdie soort aanbiedings is met groot sukses in die lewensvaardighedsprogram benut (Vergelyk hoofstuk 5).

*** Gespreksvaardigheid 3: Die uitstuur van effektiewe verbale- en nie-verbale boodskappe**

In die oordra van 'n boodskap tydens die deurloping van die lewensvaardighedsprogram, is die begeleier se stem en liggaam die gereedskap waarmee die individu se aandag gevange gehou word en waardeur motivering bevorder word.

Effektiewe verbale boodskappe behels 'n bewus wees van stemtoon as gereedskapstuk. "For better or worse, your voice messages frame your verbal

messages” (Nelson-Jones, 1997: 317). Die volume van stemtoon, oordraging, klemlegging en tempo van woorde is belangrik, soos verduidelik sal word.

Volume. Die stem van die professionele begeleier behoort harder geprojekteer te word as tydens respondering tot die luisterproses.

Artikulasie. Helder artikulasie is tydens aanbieding baie belangrik, aangesien die individu die afstuur en die inhoud van die boodskap duidelik moet verstaan.

Klemlegging. Daar moet klem gelê word op die regte sinsnedes en woorde.

Beklemtoning. Die begeleier behoort klem te lê en inligting op so 'n wyse oor te dra, dat die hoofpunte daardeur uitgelig word. Die gebruik van effektiewe beklemtoning behoort belangstelling en toewyding by die individu voort te bring.

Tempo en woorde. 'n Stadige, gemaklike praatempo gee die individu 'n geleentheid om te dink en in te neem (Nelson-Jones, 1997: 317).

Nie-verbale boodskappe (Lyftaal). 'n Ontspanne liggaamshouding, psigiese openheid, sensitiwiteit, gepaste kleding, versorging en gepaste gesigsuitdrukkings, is 'n vereiste vir effektiewe nie-verbale kommunikasie. Gebare kan ook effektief aangewend word naamlik empatiese, beskrywende en simboliese gebare. Oogkontak is 'n essensiële deel van die proses, aangesien dit die belangrikste wyse is om direk met die individu tydens die leerproses te skakel (Nelson-Jones, 1997: 317).

Navorsers is van mening dat effektiewe verbale en nie-verbale kommunikasie een van die kragtigste stukke gereedskap in die oordra en inoefening van lewensvaardighede is. Dikwels is verbale en nie-verbale kommunikasievaardighede die kern aspek wat tot die motivering tot suksesvolle inoefening

van lewensvaardighede bydra. Die begeleier mag dit ook nodig vind om die gespreksvaardighede in die breë sin in te oefen en te repeteer.

Nelson-Jones (1997: 318) is verder van mening dat ".....effective counsellors combine talking and listening skills in such a way that clients feel valued parts of the training process and not just receptacles of other's knowledge.....". Vaardige begeleiers ontwikkel 'n emosionele klimaat waar die vroeë volwassene gemotiveer word om te leer, vrae te vra en risiko's te neem.

Afgesien van die genoemde gespreksvaardighede, is demonstreringsvaardighede ook 'n noodsaaklike deel van die begeleier se mondering.

4.4.5 Demonstreringsvaardighede waaroor die professionele begeleier moet beskik

Observerende leer is 'n belangrike wyse waarop toegepaste lewensvaardighede aangeleer kan word. Demonstrasies kan fokus op die denkvaardighede, die aksievaardighede en die aksievaardighede met gepaardgaande selfgesprek (Nelson-Jones, 1997: 328). Navorsers is van mening dat die demonstrasievaardighede van die professionele begeleier 'n baie belangrike bydrae tot die bemeestering van lewensvaardighede lewer. Die vroeë volwassene is meestal ontvanklik en het 'n groot behoefte aan demonstrering. Die tegniek van visualisering en klarifikasie is ook hier van belang.

Verdere metodes van demonstrering sluit die aanwending van die geskrewe, die fisiese demonstrering en die gebruik van opnames in.

4.4.6 Afrigtingsvaardighede/Opleidingsvaardighede (coaching skills) waarom die professionele begeleier moet beskik

Afrigtingsvaardighede (opleidingsvaardighede) hoort ook tuis by die begeleier se repertoire van vaardighede.

Opleidingsvaardighede kan volgens Nelson-Jones (1997: 322) beskryf word as dié vaardighede wat die individu help om geïdentifiseerde vaardighede te bemeester, na die aanvanklike voorlegging daarvan. "Learning from hearing and observing must be translated into learning from doing".

Om die individu in terme van lewensvaardighede te bemagtig, behoort die professionele begeleier oor die volgende opleidingsvaardighede te beskik:

- Didaktiese opleiding behoort gebalanseerd gefasiliteer te word. Tydens didaktiese opleiding, verskaf die begeleier 'n reeks direkte instruksies aan die individu. Hy is die kundige in terme van die begeleiding van die individu en help hom om 'n reeks keuses in terme van sy optrede te maak (Nelson-Jones, 1997: 323).
- Die professionele begeleier het twee belangrike doelwitte ten einde opleiding te fasiliteer. Eerstens om op die bestaande kennisbasis van die individu voort te bou en tweedens om hom behulpzaam te wees in die aanleer van self-opleidingsvaardighede. Die begeleier benodig dus beide fasiliterende- en didaktiese vaardighede. As die lewensvaardighedsprogram van die studie van naderby beskou word, is dit duidelik dat die begeleier beide soorte vaardighede benodig (Vergelyk hoofstuk 5).

Die begeleiding tot fundamentele lewensvaardighede (selfpersepsie en interpersoonlike verhoudings) verg veral fasiliterende vaardighede, terwyl die spesifieke lewenstake soos die keuse van 'n beroep, lewensmaat en effektiewe persoonlike bestuur, veral didaktiese vaardighede verg. Prakties

gesproke kan die opleidings- of afrigtingsvaardighede op die volgende wyses deur die professionele begeleier toegepas word:

- Die gee van duidelike, spesifieke instruksies is belangrik. Opleiding behoort altyd die wyses waarop die individu homself kan help, te beklemtoon. Duidelike instruksies behoort dus herlei te word na duidelike selfinstruksies.
- Die afbreek van take in hanteerbare eenhede en die frekwensie van inoefening wat benodig sou word, is vervolgens ook 'n belangrike begeleiersvaardigheid. Die begeleier moet bepaal hoeveel die individu gedurende elke leerervaring kan assimileer (Nelson-Jones, 1997: 323).

Navorser beskou hierdie vaardigheid as een van die belangrikste, aangesien die vroeë volwassene vanuit sy unieke lewensfase waarin hy verkeer, dikwels nie take in hanteerbare dele kan afbreek nie en dus totaal oorweldig raak.

- Wend gedragsinoefening en rollespel aan ten einde vaardighede te demonstreer. "By definition, when you coach you also rehearse clients in targeted skills" (Nelson-Jones, 1997: 323). Gedragsinoefening en rollespel is ook nie altyd dieselfde nie. Die individue kan aksievaardighede op hulle eie inoefen sonder die gebruik van rollespel, byvoorbeeld ontspanningsoefeninge.
- Terugvoervaardighede moet aangewend word. Navorsers beskou terugvoervaardighede noodsaaklik, aangesien dit die aanleer van lewensvaardighede bevorder, die vlak van motivering van die individu verhoog, en daartoe bydra dat die individu die lewensvaardighede suksesvol internaliseer.

Die begeleier behoort op 'n bepaalde wyse aan die individu terugvoer te gee naamlik individuele self-terugvoer of begeleier se terugvoer.

Die begeleier behoort die individu aan te moedig om monitorings- en assesseringsvaardighede ten opsigte van hul gedrag te ontwikkel, asook te verbaliseer wat die gevolge daarvan vir homself en andere is. 'n Goeie riglyn is byvoorbeeld dat die begeleier na elke gedragsoefening, die individu sal vra om eerstens kommentaar op hulle leer- en gedragservaring te lewer. Die begeleier kan en behoort daarna terugvoer te gee, aangesien sy oor die spesifieke kennis in terme van gestelde doelwitte beskik (Nelson-Jones, 1997: 324).

Samevattend kan gekonstateer word dat die professionele begeleier oor spesifieke vaardighede moet beskik ten einde die vroeë volwassene deur middel van die toepassing van die lewensvaardigheidsprogram tot verbeterde selfpersepsie en positiewe psigososiale funksionering te lei. Opvoedkundige-, opleidings-, gespreks- en aanbiedingsvaardighede is die vernaamste hiervan.

Die bemagtigings- en begeleidingsproses is 'n leerproses wat die vroeë volwassene help om effektiewe wyses van hantering ten opsigte van hulle totale lewensfeer te vind. Die vroeë volwassene wat lewensvaardighede moet aanleer, vereis 'n effektiewe professionele begeleier wat die terapeutiese, ondersteunende verhouding positief kan aanwend. Tog is 'n ondersteunende verhouding nie die enigste vereiste tot groei en bemagtiging nie, maar ook die element van aktiewe hulp aan die individu.

Navorsers konstateer voorts dat die professionele begeleier 'n belangstelling in en entoesiasme vir die moontlikheid van die individu moet hê en terselfdertyd ook goed voorbereid moet wees vir die implementering van die bemagtigingsproses. Vir die begeleier self is die proses ook een van voortdurende leer. Die effektiewe bemagtiging van die vroeë volwassene word ook bepaal word deur die demonstresings- en opleidingsvaardighede waaroor die

begeleier beskik. Derhalwe moet die begeleier 'n balans tussen die opleidings- en demonstreringsvaardighede bewerkstellig, deur die bestaande kennisbasis van die individu uit te bou, asook die individu te bemagtig tot selfhelp- en selfopleidingsvaardighede.

Dit was derhalwe vir die navorser as maatskaplike werker 'n groot uitdaging om hierdie vaardighede aan te wend in die lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassenes wat in hoofstuk 5 toegelig sal word. Vervolgens sal die rol van die maatskaplike werker as begeleier in die lewensvaardigheidsprogram toegelig word.

4.5 Die rol van die maatskaplike werker as professionele begeleier in die lewensvaardigheidsprogram

4.5.1 Inleiding

Soos reeds genoem, is die maatskaplike werk profesie nie die enigste helpende profesie nie. Verskeie individue, professioneel of vrywillig, wat oor 'n wye verskeidenheid kennis en vaardighede oor die individu en sy gedrag beskik, kan aktief in die veld van menslike hulpverlening betrokke wees. Sommige as aktiewe professionele helpers, wat die vaardighede en kennis spesifiek aan 'n betrokke dissipline of veld aanwend, of onopgeleide, semi-opgeleide vrywilligers wat dikwels vanweë hul eie persoonlike belangstelling en aanleg betrokke is (Potgieter, 1998: 11). Volgens navorser het die maatskaplike werker egter 'n betekenisvolle taak en rol tydens die uitvoering van die lewensvaardigheidsprogram te vervul soos blyk uit die volgende bespreking.

Tydens die implementering van die lewensvaardigheidsprogram vervul die maatskaplike werker verskeie rolle wat nie altyd duidelik van mekaar onderskei kan word nie. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die tradisionele rolle onderskei, waarna die geïntegreerde rol van die maat-

skaplike werker in die uitvoering van die lewensvaardigheidsprogram toegelig sal word.

4.5.2 Die tradisioneel vakkundige rol van die maatskaplike werker as professionele begeleier in die lewensvaardigheidsprogram

Die fundamentele tradisionele rolle van die maatskaplike werker van toepassing tydens die implementering van die lewensvaardigheidsprogram, is die volgende:

- Die rol van gids ("guide, broker").
- Die rol van instaatsteller/fasiliteerder ("enabler/facilitator").
- Die rol van deskundige ("expert").
- Die rol van beplanner.
- Die rol van organiseerder.
- Die rol van aanmoediger/motiveerder.
- Die rol van opvoeder.

Alhoewel hierdie rolle deur Lombard, Weyers en Schoeman (1991: 179–204) ook in gemeenskapsverband geïdentifiseer is, is bogenoemde rolle noodsaaklik in die uitvoering van die lewensvaardigheidsprogram in groeps- of individuele verband. Die vaardighede wat die professionele begeleier en spesifiek die maatskaplike werker benodig om die proses van die aanleer van lewensvaardighede van stapel te stuur, is nou vervleg met die rolle van die maatskaplike werker wat vervolgens bespreek word.

4.5.2.1 Die rol van die gids (broker/guide)

Die begrip "gids" beteken "wegwyser/begeleier" of leier (Eksteen, 1984: 137). Die rol van gids impliseer dat die individu en groep gehelp word om sy **doel-stellings** te bepaal en te bereik en om **hulpbronne** te soek en te benut (Ross, 1967: 203).

Die rol van die gids impliseer dat die maatskaplike werker 'n **uitgebreide kennis** van bestaande hulpbronne in die gemeenskap, asook van die funksionering hiervan moet hê, ten einde effektiewe skakeling te verseker. Die rol van gids is toepaslik as daar 'n behoefte aan die diens bestaan, sowel as 'n **gewilligheid** om die diens **te voorsien** (Grosser, 1976: 196).

Die maatskaplike werker behoort dus vanweë haar deskundige kennis sekere aspekte in ag te neem. Die werker mag byvoorbeeld sekere idees of voorkeure oor 'n aangeleentheid hê, en selfs sekere voorstelle maak of aanmoedig maar die werker mag nooit haar eie mering of voorkeure op die individu probeer afdwing nie. Die maatskaplike werker as gids gee aan die individu die geleentheid om self **besluite te neem**.

Indien die individu apaties en gedisorganees is kan die werker inisiatief neem, nie deur hulp aan te bied nie, maar deur 'n **gewaarwording van 'n behoefte** of 'n **ongemak** oor sekere belewenisse te stimuleer. Alternatiewe voorstelle kan ook gemaak word (Lombard *et al.*, 1991: 180–181).

Die maatskaplike werker moet ook **objektiwiteit** handhaaf en haar **rol as gids** voortdurend interpreteer. Die rol van die gids is van groot waarde tydens die aanbied van die lewensvaardigheidsprogram en wel om die volgende redes:

Tydens die bemagtigingsproses, wat die toepassing van die lewensvaardigheidsprogram impliseer, het die maatskaplike werker as gids identifiseerbare take. Die vernaamste hiervan is:

- Hulp en begeleiding aan die vroeë volwassene met die identifisering van bepaalde persoonlike **doelstellingen**.
- Die leiding na die ontsluiting van **hulpbronne**.
- 'n **Uitgebreide kennis** van bestaande hulpbronne en kragte binne- en buite die individu.
- Die motivering van die individu tot **gewilligheid** om die diens te **aanvaar**.
- Die aanmoediging en motivering van die individu om **eie besluite te neem** en **bewus** te raak van 'n behoefte.
- Om te alle tye **objektiwiteit** te handhaaf.
- Die maatskaplike werker behoort haar **rol as gids** voortdurend aan die vroeë volwassene te kommunikeer (Vergelyk Lombard *et al.*, 1991: 180-181).

Die maatskaplike werker het in die tweede instansie 'n instaatstellende rol om te vervul.

4.5.2.2 Die rol van instaatsteller/fasiliteerder (enabler/facilitator)

Die rol van fasiliteerder is om die hele **helpende proses** te fasiliteer (Ross, 1967: 214). Die rol van die instaatsteller is dus ook dié van fasiliteerder. Beide

begrippe het ten doel om die individu/groep/gemeenskap toe te rus om vorentoe te beweeg en in staat te stel (Lombard *et al.*, 1991: 182).

Volgens Ross (1967: 214) is die rol van die instaatsteller baie kompleks. Die rol van die instaatsteller tref **onderskeid** tussen verskillende maatskaplike- en persoonlike probleme. Die taak van die instaatsteller is om die individu te help **om na homself te kyk**, en bewus te raak van sy diepste gevoelens en om dit te verwoord.

Een van die vernaamste take van die instaatsteller/fasiliteerder is om by die individu **ongemak te skep**. Tydens hierdie studie veral, was dit belangrik om ongemak oor 'n gebrek aan lewensvaardighede te skep.

Lombard *et al.* (1991: 183) beskryf die rol van die instaatsteller as die aksie om 'n **klimaat van introspeksie en leer te skep, kommunikasie** te verbeter, die **geloof in die moontlikheid** van verandering te skep en die **stimulering** van die bewuswording van die probleem aan te moedig. Bogenoemde aksies en handeling is van die vernaamste inhoudelike kernaspekte van die lewensvaardighedsprogram en derhalwe is die rol van instaatsteller belangrik.

Die deskundigheid van die instaatsteller lê ook in **verhoudings**. Die instaatsteller is volgens hulle die "practioner who has no programs or prescriptions of his own to impliment but is skilled in developing relationships with people and helping them to identify their needs and to develop the capacity to solve their problems" (Perlman & Gurin in Lombard *et al.*, 1991: 183).

In aansluiting hierby is die maatskaplike werker se rol as deskundige ook van belang.

4.5.2.3 Die rol van die deskundige (expert)

Hierdie rol impliseer die voorsiening van **inligting**, **direkte advies** en **praat met gesag** oor 'n wye spektrum (Ross, 1967: 221). Die maatskaplike werker as deskundige voorsien navorsingsmateriaal, tegniese ervaring, hulpbronnemateriaal en advies oor metodes wat benodig word in die uitvoering van take. Perlman en Gurin in Lombard *et al.* (1991: 183) sien die rol van deskundige as die aanbied van kennis, maar nie die voorskryf van doelstellings nie.

Die rol van deskundige beteken dikwels dat die maatskaplike werker 'n groep of individu kan **konfronteer** met konsepte en feite wat vir hulle in 'n bepaalde situasie van hulp kan wees, byvoorbeeld die relevansie en doelwitte van die lewensvaardigheidsprogram. Die rolle van instaatsteller en deskundige behoort mekaar te komplimenteer en te ondersteun (Lombard *et al.*, 1991: 185).

Die rol van deskundige bring ook mee dat die maatskaplike werker **professionele inligting** kan verkry van 'n sosioloog, onderwyser of aanverwante professies en dat hy weer op sy beurt aan hulle inligting kan verskaf.

Van die deskundige word ook verwag om **diagnosties** en **analities** op te tree, om **navorsingsvaardig** te wees, om **inligting** oor ander groepe en gemeenskappe te verskaf, asook **advies** met betrekking tot metodes van organisering en/of relevante prosedures te verskaf. Die deskundige moet ook oor tegniese inligting insake projekte en programme beskik, en in staat wees om die proses van samewerking te **valueer** en te **interpreteer**.

Die maatskaplike werker as kundige in die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes behoort derhalwe:

- Oor kennis te beskik wat handel oor 'n wye spektrum van menslike gedrag en behoeftes, asook spesifieke kennis oor die wesenskenmerke van die vroeë volwassene.
- 'n Groep of individu te konfronteer met konsepte en feite. In hierdie geval die relevansie en waarde van die lewensvaardigheidsprogram.
- Professionele inligting in te win en te verskaf rondom die vernaamste behoeftes, probleme, kenmerke van die vroeë volwassene en strategieë ter bemagtiging.
- Diagnosties en analities insake die vroeë volwassene en sy leefwêreld te dink, navorsingsvaardig te wees en relevante sake deurentyd te evalueer en te interpreteer.
- Ook aandag te skenk aan die tegniese inligting insake projekte en aandag aan beplanning te gee tydens die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram.

Die maatskaplike werker het vervolgens ook 'n beplannersrol te vervul wat kortliks bespreek word.

4.5.2.4 Die rol van beplanner

Ten einde die rol van die maatskaplike beplanner te verstaan, is dit noodsaaklik om te weet waar maatskaplike werkers as beplanners gewoonlik werksaam is. Die maatskaplike werker as beplanner is gemoeid met **globale beplanning**; die bereiking van 'n globale struktuur, die **beplanning van 'n komponent** met 'n komplekse aksie (operasionele beplanning) en **spesifieke beplanning** van beperkte omvang wat onmiddellik moet realiseer (beplanning van 'n projek) (Lombard *et al.*, 1991: 187).

Tydens die rol van die beplanner en tydens die implementering van die lewensvaardigheidsprogram is die maatskaplike werker veral gemoeid met 'n operasionele beplanningsaksie, met ander woorde die beplanning van 'n lewensvaardigheidsprogram. Operasionele beplanning definieer programme soos byvoorbeeld spesifieke werksprojekte binne die raamwerk van globale beplanning. Die beplanning van projekte definieer egter sowel take as onmiddellike doelstellings en hulpbronne wat nodig is ter bereiking van die doelwitte. Die rol van die maatskaplike werker as beplanner impliseer dat sy die beplanningsproses, beleid, programme en hulpbronne vir maatskaplikewerkdienslewering moet wysig, elimineer of skep (Lombard *et al.*, 1991: 180-190).

Tydens die deurloping van die lewensvaardigheidsprogram, gebruik die maatskaplike werker ook die vaardigheid as beplanner om die groepe/individue in staat te stel om **self te beplan**.

4.5.2.5 Die rol van organiseerder

Vervolgens is die rol van maatskaplike werker as **organiseerder** ook relevant as een van die fundamentele rolle wat aangewend word in die uitvoer van die lewensvaardigheidsprogram. Die maatskaplike werker se rol as organiseerder behels dat die werker oor die **vermoë en kundigheid** moet beskik om met individue, groepe en organisasies te kan **skakel** (Lombard *et al.*, 1991: 191).

Interorganisering behels dat die maatskaplike werker die nodige kommunikasie, samewerking, koördinasie en integrasie tussen die organisasie-, verbruiker-, doelwit-, en aksiesisteem sal bewerkstellig, sodat gesamentlik gewerk kan word om die doelstelling te bereik. Lombard *et al.* (1991: 191) meld verder dat die maatskaplike werker die rolle soos dié van instaatsteller, gids, deskundige, beplanner en koördineerder sal benut, ten einde effektief te organiseer. Soos voorheen bespreek, is die rol van organiseerder en

beplanner deeglik tydens die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram geïmplimenteer.

Intra-organisering behels dat die maatskaplike werker 'n taak het om harmonieuse skakeling en verbinding tussen die onderdele van die organisasiesisteem te verseker, sodat dit konstruktief tot voordeel van die verbruikerssisteem (vroeë volwassene) aangewend kan word. Die rol van intra-organisering tydens die lewensvaardigheidsprogram het behels dat die maatskaplike werker andersyds skakeling en verbinding tussen die organisasiesisteem (Studenteondersteuning) bewerkstellig en andersyds moes die program tot voordeel van die vroeë volwassene aangewend word.

Die rol van aanmoediger/motiveerder is vervolgens ook van groot relevansie tydens die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram.

4.5.2.6 Die rol van aanmoediger/motiveerder

Die rol van aanmoediger/motiveerder kan soos volg verduidelik word:

Volgens Henderson en Thomas (1987: 109) bestaan dié rol uit aktiwiteite wat die volgende insluit:

- Om individue/groepe uit isolasie te haal en **bymekaar te bring**.
- Om **optimisme** onder individue/groepe op te bou.
- Om **interne konflik** kreatief te **benut**.
- Om die individu/groep se bestaan **bevredigend en produktief** te maak.
- Om die groep/individu te help om deskundiges se **dienste te benut** sonder om hulle **reg tot selfbeslissing** prys te gee.

Die rol van aanmoediger/motiveerder is nou vervleg met dié van instaatsteller. Dit behels dat die maatskaplike werker die individu/groep aanmoedig om iets aan die situasie te doen. Tydens die aanvang van die lewensvaardigheidsprogram het die maatskaplike werker 'n taak om die individu/groep aan te moedig, sodat die individu tot aksie sal oorgaan en mettertyd sal verskuif na die ondersteuning en aanmoediging in die uitvoering van die aktiwiteite van die lewensvaardigheids-program.

Eksteen (1984: 247) noem dat beide die begrippe "aanmoediger" en "motiveerder" beteken om "aan te spoor", en derhalwe kan hulle in dieselfde konteks gebruik word. Die suksesvolle internalisering van die lewensvaardigheidsprogram, hang tot 'n groot mate af van die mate waarin die maatskaplike werker die rol van aanmoediger/motiveerder suksesvol kan aanwend.

Die rol van opvoeder is vervolgens ook ten nouste verbind met die aanbieding van die program.

4.5.2.7 Die rol van opvoeder.

Die rol van opvoeder impliseer dat die maatskaplike werker die groep/individu help om **probleme te identifiseer**, die **oorsaak** daarvan te bepaal, asook **moontlike oplossings** daar te stel (Lombard *et al.*, 1991: 194). Die opvoedingsrol behels die aanleer van **nuwe tegnieke** op verskillende terreine, byvoorbeeld probleemoplossende tegnieke in die geval van die lewensvaardigheidsprogram. Dit impliseer ook die bewusmaking van **eie verantwoordelikhede** en die aanleer van **deelnemende vaardighede**.

Kenmerkend van die rol wat die opvoeder in die uitvoering van die lewensvaardigheidsprogram speel, is die begeleiding tot die aanleer van iets nuuts. Tydens die lewensvaardigheidsprogram, leer die vroeë volwassene nuwe

lewensvaardighede aan wat spesifiek van toepassing is op die lewensfase waarin die individu hom bevind, byvoorbeeld die vaardigheid van effektiewe interpersoonlike verhoudings en die effektiewe hantering van die besluitnemings- en probleemoplossende proses.

Die rol van opvoeder word tydens die deurloping van die lewensvaardighedsprogram, ook saam met ander rolle soos dié van instaatsteller, deskundige en koördineerder aangewend.

4.5.3 Die geïntegreerde rol van die maatskaplike werker as professionele begeleier in die lewensvaardighedsprogram

Daar kan van die vertrekpunt uitgegaan word dat die opgeleide maatskaplike werker **multi-vaardighedsopleiding** ondergaan het ("Multi-skilled training") wat haar 'n professionele begeleier by uitnemendheid maak. Multi-vaardighedsopleiding binne die konteks van maatskaplike werk behels 'n goed gefundeerde holistiese teoretiese en praktiese opleiding oor die mens, verhoudinge, gedrag en die hantering van problematiek. Die maatskaplike werker is die persoon wat die vroeë volwassene met die "uitsorteer proses op-pad-na volwassenheid" kan bystaan (Vergelyk hoofstuk 2).

Die maatskaplike werker is in staat om die slaggate in die proses na die suksesvolle ontwikkeling van vroeë volwassenheid te **identifiseer**. Daar word op die **moontlikhede**, eerder as die beperkinge van die vroeë volwassene **gefokus**. Die maatskaplike werker is ook die individu behulpsaam met **verheldering oor sy eie moontlikhede**, aangesien hy dikwels 'n onrealistiese verwagting en 'n negatiewe siening van sy eie bekwaamhede en vermoëns het (Vergelyk hoofstuk 2). Die maatskaplike werker is vaardig en bekwaam om die aspekte van die selfpersepsie van die vroeë volwassene wat aandag benodig, te **identifiseer**. Die maatskaplike werker is ook 'n verhoudingskundige wat holisties en persoongesentreerd werk. Sy is derhalwe uiters geskik om 'n lewensvaardighedsprogram te implementeer.

Die maatskaplike werker se taak is ook verder om die vroeë volwassene te **ondersteun in die maak van 'n beroepskeuse**. Die vroeë volwassene se beroepskeuse word dikwels beïnvloed deur onvoldoende voorbereiding en bestudering, verkeerde motiewe en teenkanting of beïnvloeding van die ouers. Die vroeë volwassene moet dus bygestaan word in die deurloping van die totale voorbereiding en keuse van 'n beroep. Die vroeë volwassene kan ook na ander kundiges ten opsigte van die beroepskeuse verwys word. Die nodige hulpbronne en verwysingsraamwerk moet dus saam met die vroeë volwassene ontsluit word.

Werkende vroeë volwassenes het andersoortige behoeftes en probleme wat deur die maatskaplike werker **geïdentifiseer** behoort te word. Aanpassing by 'n werksituasie en loopbaanbeplanning moet derhalwe dikwels saam aandag geniet, aangesien spesifieke vaardighede daarvoor benodig word. Die maatskaplike werker wat in lewensvaardighede spesialiseer beskik oor hierdie vaardighede.

In terme van beroepskeuse, studies en beroepsbeoefening, is die taak van die maatskaplike werker veral die **begeleiding** in terme van effektiewe stresbestuur. Die suksesvolle integrering van die vroeë volwassene se toekomstige loopbaan met ander lewensareas soos vryetydsbesteding, gemeenskapsbetrokkenheid en verhoudings, is derhalwe 'n belangrike rol wat die maatskaplike werker effektief kan vervul.

Die rol van die maatskaplike werker tydens die lewensvaardigheidsprogram beteken dat die vroeë volwassene gerig en gelei word om **buigsaam, kreatief** en **aanpasbaar** te wees. Die maatskaplike werker is ook 'n verhoudingskundige wat die vroeë volwassene ten opsigte van besondere behoeftes en probleme in dié verband kan begelei (Vergelyk hoofstukke 2 en 3).

As **verhoudingskundige** het die maatskaplike werker 'n taak en rol te vervul ten opsigte van die keuse van 'n lewensmaat. Die individu of paar benodig kennis en inoefening in terme van die verskillende komponente waaruit die huwelik of vaste verhouding bestaan. Individuele- en groepsessies en werkwinkels ter voorbereiding en begeleiding van die vroeë volwassene kan deur die maatskaplike werker aangebied word, aangesien sy opleiding in die metodes van werk met individue, groepe en gemeenskappe ondergaan het. Gepaardgaande hiermee, het die maatskaplike werker ook 'n deeglike praktiese opleiding ondergaan wat haar met die nodige vaardigheid toerus.

Die geïntegreerde rol van die professionele maatskaplike werker in die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram impliseer dus die volgende:

- Die identifisering van **swakhede**, en daarteenoor toepaslike **selfhelp-vaardighede** van die vroeë volwassene.
- Die uitspel van **hulpbronne** aan die individu ten einde maksimum beheer oor sy eie lewe te neem.
- Om die individu by te staan om sy vermoëns te **stimuleer** en **kontrole** oor sy lewe te neem.
- Die individu (vroeë volwassene) te help om 'n **selfhelpkapasiteit** te aanvaar. Die maatskaplike werker skep dus die klimaat, verhouding, hulpbronne en ontwikkelende vaardighede wat die vroeë volwassene kan benut ten einde **beheer** oor sy lewe te neem.
- Die individu behulpsaam te wees met die **reflektering** van die eiesoortige behoeftes van die ouderdomsgroep en **kreatiewe oplossing** daarvan.
- Die vroeë volwassene behulpsaam te wees in terme van die aanvaarding van **persoonlike verantwoordelikheid**.

- Die **gesamentlike identifisering** van die individu se vaardighede en aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid.
- Die skep van 'n **ondersteunende verhouding** waarbinne die maatskaplike werker vir die vroeë volwassene sekuriteit skep om te waag en te leer.
- Die ondersteuning gee om te waag deur middel van **sukses en mislukings**.
- Die daarstel van 'n **rolmodel** in die aktiewe leerproses asook 'n voorbeeld om na te streef in terme van lewenshouding.
- Die vroeë volwassene te help om sy **eie effektiewe helper** te wees.
- Die **aktiewe begeleiding** van die vroeë volwassene met bepaalde psigososiale probleme deur onder andere die benutting van die **DASIE-model** (Vergelyk hoofstuk 3).
- Hulp aan die individu om besluite te neem wat **groei en onafhanklikheid bevorder**. Sy taak is nie om besluite vir die individu te neem nie, maar om die individu te begelei om vaardighede aan te leer om die huidige situasies en toekomstige probleme effektief te hanteer.
- Om gedurende die proses van **aktiewe leer**, behulpsaam te wees in terme van die vier relevante stadia, naamlik doen, reflektoring, vorming van beginsels en beplanning.
- Om die **ontlonting** na die gestruktureerde leerervaring te fasiliteer, asook die vroeë volwassene te help met **selfmonitering en selfwaarneming**.

Dit was derhalwe vir die navorser 'n groot uitdaging om hierdie vaardighede aan te wend in die lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene wat in hoofstuk 5 toegelig sal word.

4.6 Samevatting

Samevattend tot hoofstuk 4 kan gekonstateer word dat die lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene teoreties gefundeer is aan die hand van die model van Rothman en Thomas (1994: 28).

Die ontwikkeling van die program het volgens sekere geïdentifiseerde prosesstappe geskied, wat vanuit ses fases voortgespruit het. Negentien aksiestappe is beskryf, waarna aandag aan die belangrikste teoretiese elemente tydens programontwikkeling gegee is.

Die elemente van programmonitering, impak of uitkoms van die program, koste-effektiwiteit, assessering van die behoeftes van die teikengroep, die evalueerbaarheid van die program en die rol van die professionele begeleier is bespreek.

Vervolgens is daar aandag gegee aan die vaardighede waaroor die professionele begeleier in die uitvoering van 'n program moet beskik. Die belangrikste hiervan is:

- Die skep van 'n ondersteunende verhouding.
- Opvangvaardighede.
- Die daarstel van sessie agenda vaardighede.
- Gespreksvaardighede.

- Demonstreringsvaardighede.
- Afrigtings/opleidingsvaardighede.

Ten slotte het die tradisionele vakkundige rolle, asook die spesifieke geïntegreerde rolle van die maatskaplike werker as professionele begeleier in die lewensvaardigheidsprogram aandag geniet.

Die inhoud van die lewensvaardigheidsprogram ter bemagtiging van die vroeë volwassene sal vervolgens in hoofstuk 5 bespreek word, met 'n uiteensetting van die doelwitte, verloop van elke sessie, asook die hulpmiddels wat aangewend is.